**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**KUNS HG / SG**
**(Oop Eksamen)**

**PUNTE: 200**

---

**INSTRUKSIES**:

1. **ALGEMENE INLIGTING**

1.1 Die Oop Eksamen bestaan uit TWEE OPSIES:

**OPSIE A**: Praktiese werk van 'n kandidaat se eie keuse (150)

**EN**

As deel van hierdie opsie moet kandidate ook 'n Tekeneksamen, wat ses uur duur, voltooi. (Verwys na punt 1.10 op bladsy 3.) (50)

**TOTAAL**: **[200]**

**OF**

**OPSIE B**: 'n Skriftelike opdrag oor Kunsdokumentering en -navorsing (BY HIERDIE OPSIE IS DAAR GEEN TEKENEKSAMEN NIE). As deel van hierdie opsie, moet TWEE jaarwerk-navorsingsopdragte voltooi word. (150) (50)

**TOTAAL**: **[200]**

1.2 Verwys asseblief na die inhandigingsprosedures, soos uiteengesit op bladsy 16.

1.3 Die Oop Eksamen-vraestel en instruksies moet op **MAANDAG, 16 MEI 2005** aan die kandidate oorhandig word.

1.4 Die voltooide WERKBOEK, insluitende die finale kunswerk(e), moet op **VRYDAG, 16 SEPTEMBER 2005** om 12:00 ingelewer word. Alle werke moet op DONDERDAG**, 22 SEPTEMBER 2005** teen 12:00 deur die skole by die betrokke Distrikskantoor ingehandig word. WERKBOEKE moet in pakke van tien (of minder), in numeriese volgorde, volgens eksamennommers vasgebind en by die Distrikskantoor ingehandig word. Die eksamen-tekening moet in die voorste omslag van die werkboek geplaas word, voordat dit vasgebind word.
Die finale teken-eksamen vind plaas op **DINSDAG, 20 SEPTEMBER 2005**.

1.5 Opvoeders moet al die instruksies en die inhoud van die Oop Eksamen met die kandidate bespreek om moontlike onduidelikhede op te klaar voordat die werk 'n aanvang neem.

1.6 Werk aan die WERKBOEK en die finale kunswerk(e) moet dadelik 'n aanvang neem. Voorbereidingswerk behoort onmiddellik 'n aanvang te neem. Voorbereidingswerk is VERPLIGTEND.

Kunsopvoeders behoort keerdatums vas te stel vir die verskillende stadiums van vordering. Hierdie keerdatums maak deel uit van die eksamenvraestel en is bindend vir die kandidate.

**Kandidate en ouers behoort skriftelik voor die Julie-vakansie van die keerdatums verwittig te word.**

1.7 Al die werk aan die finale kunswerk(e) **moet** onder die toesig van die kunsopvoeder gedoen word en **mag nie** van die skoolterrein af verwyder word **nie**.

Werk aan die finale kunswerk(e) wat noodwendig buite die skool gedoen moet word (bv. pottebakkery wat in privaat oonde gebak moet word), moet ten volle en deurlopend onder die toesig van die kunsopvoeder plaasvind.

Neem asseblief kennis dat kunswerk(e) wat onder toesig van privaat opvoeders en nie die skool se kunsopvoeder voltooi is nie, **nie** vir eksamendoeleindes aanvaar sal word **nie**.

1.8 Kunsopvoeders mag kandidate leiding en advies gee, maar geen direkte hulp mag toegelaat word nie.

1.9 Kandidate sal GEPENALISEER word as hulle nie die vereistes wat in hierdie eksamenvraestel gestel word, nakom nie.

1.10 Kandidate wat Opsie A kies (Praktiese Werk van eie keuse), moet die TWEEDE eksamenvraestel (Kuns: Tweede Vraestel) aflê wat aan die einde van die jaar plaasvind. Dit sal in die vorm van 'n PERSEPTUELE <u>OF</u> KONSEPTUELE TEKENING wees wat binne die bestek van ses uur voltooi moet word.

Hierdie Teken-eksamen sal 50 punte tel.
Kandidate wat Opsie B (Kunsdokumentering en -navorsing) kies, sal **nie** hierdie Teken-eksamen (Kuns: Tweede Vraestel) aflê nie.

2. **SAMESTELLING VAN DIE WERKBOEK (Verwys na diagramme op bladsy 6.)**

2.1 WERKBOEKE mag nie kleiner as A3-grootte en nie groter as A2-grootte wees nie. Geen ander groottes sal aanvaar word nie.

2.2 Die buiteblad van die werkboek moet stewig, maar liggewig wees en van ligte karton of sterk papier gemaak wees.
Die buiteblad **mag nie** versier word nie.
'N VOLLEDIG INGEVULDE **BYLAE A** MOET STEWIG OP DIE BUITEBLAD VAN ALLE WERKBOEKE AANGEBRING WORD. DIE WERKBOEKE MAG NIE MET PLASTIEK OORGETREK WORD NIE.

2.3 Die binnebladsye van die werkboek moet papier of dun karton wees. Dik karton (triplex) mag nie vir die binnebladsye van die werkboeke gebruik word nie. Die werkboek moet in albumvorm aangebied word. Dit moet maklik oopgemaak kan word en die bladsye moet maklik omgeblaai kan word.

Al die bladsye van die werkboek moet stewig aan die buiteblad en by die rugkant aan mekaar vasgeheg word.
Plastiekkoeverte of -sakkies mag **nie** gebruik word **nie**.
(RAADPLEEG ASSEBLIEF DIE DIAGRAMME OP BLADSY 6 VIR DIE INSTRUKSIES VIR DIE SAMESTELLING VAN DIE WERKBOEK).

2.4 Alle werk moet die kandidaat se eie, oorspronklike werk wees. Enige vorm van kopiëring sal streng gepenaliseer word.

2.5 Die finale werke moet duidelik met die voorbereidende sketse verband hou en moet 'n ontwikkeling van die tema wees. In gevalle waar meer as een finale werk ingedien word, sal al die werk in oorweging geneem word. Waar kandidate die MAKSIMUM vereistes vir enige dissipline oorskry, sal slegs die VEREISTE WERKE nagesien word.

2.6 WERKBOEKE moet 'n minimum van VYF bladsye en 'n voorgestelde maksimum van TIEN bladsye beslaan. Werke moet plat op die bladsye van die werkboek geplak word en mag aan albei kante van die bladsye geplak word. Die hele werkboek sal as 'n eenheid geëvalueer word. Punte sal toegeken word vir werkboeke wat netjies en goed aangebied word.

ALLE WERKBOEKE, ONGEAG DIE OPSIE WAT GEKIES IS, MOET OORSPRONKLIKE VOORBEREIDENDE SKETSE AS DEEL VAN DIE VOORBEREIDINGSWERK BEVAT, BEHALWE AS KANDIDATE FOTOGRAFIE OF OPSIE B: KUNSDOKUMENTERING EN -NAVORSING GEKIES HET. PUNTE SAL VIR HIERDIE TEKENINGE TOEGEKEN WORD.

2.7 Ornamentele venster-montering, dik karton-montering en onnodige versiering **mag nie** gebruik word nie.

3. **INHOUD VAN DIE WERKBOEK**

Bladsy 1: Die ses-uur-tekeneksamen moet in die **voorste omslag** van die werkboek geplaas word.

Bladsy 2: 'n Kort uiteensetting van hoe die probleem wat in die opdrag gestel word, vertolk is. Redes waarom jy op 'n besondere interpretasie van dié tema gefokus het, moet ingesluit word. 'n Maksimum van 50 woorde word toegelaat.

Die kandidaat se interpretasie van die tema moet PERSOONLIK en OORSPRONKLIK wees. Kandidate moet hulle eie ervarings as 'n basis vir die verkenning van die tema gebruik.

Bladsy 3: Voorbereidingstekeninge vir die finale kunswerk(e) van die gekose dissipline moet die res van die bladsye vul. Alle voorbereidingswerk moet betrekking hê op die tema en moet ontwikkeling tot by die finale werk toon.

Die finale werk(e) moet op die laaste bladsy(e) van die werkboek aangebied word. Duidelike foto's vanuit alle hoeke moet van driedimensionele werke geneem word. Hierdie foto's moet aan die laaste bladsye van die werkboek geheg word.


LW: Indien kandidate driedimensionele werk doen wat nie in die werkboek pas nie, moet die kunsopvoeder verseker dat die skoolhoof voor **15 AUGUSTUS 2005**, skriftelik kennis gee van werk wat by die skool nagesien moet word deur Bylae B in te vul en voor te lê. Indien kennis **nie** voor of op die bogenoemde datum ontvang word nie, sal die werke nie nagesien word nie.

Neem asseblief kennis: Kunsopvoeders mag versoek word om driedimensionele werke vir nasiendoeleindes na 'n sentrale punt te vervoer.

**Werkboeke van driedimensionele werke moet saam met die kunswerk by die skool gehou word. Die werkboeke en driedimensionele kunswerke word as ? eenheid nagesien**.

**3.1 INSTRUKSIES VIR SAMESTELLING VAN WERKBOEK (A3- OF A2-GROOTTE)**

Plak bladsye aan mekaar




Ale kante van ? bladsy mag gebruik word.

Albei kante van 'n bladsy mag gebruik word.

Verwysingsmateriaal mag op dieselfde bladsy as die uiteensetting (rasionaal) gebruik word.

'n Minimum van VYF bladsye en 'n voorgestelde maksimum van TIEN bladsye mag gebruik word.

4. **EKSAMENVRAESTEL**

Die Oop Eksamen bestaan uit OPSIES A en B. Kandidate moet EEN van hierdie opsies voltooi.

**OPSIE A: PRAKTIESE WERK VAN ’N KANDIDAAT SE EIE KEUSE**

Kandidate wat kies om die praktiese werkboek te voltooi, doen SLEGS Opsie A. Hierdie kandidate moet **ook** die Tekeneksamen (Tweede Vraestel) in September aflê. (Sien Bylaag C aan die einde van hierdie vraestel.)

**OF**

**OPSIE B: KUNSDOKUMENTERING EN -NAVORSING**

Kandidate wat Kunsdokumentering en -navorsing kies, **moet nie** OPSIE A beantwoord nie. Hierdie kandidate lê **nie** die tekeneksamen af nie.

LW.: Slegs kandidate wat gedurende hulle Graad 10- en 11-jaar ’n geskikte agtergrond in Kunsdokumentering en -navorsing opgedoen het, behoort hierdie opsie, in plaas van ’n praktiese komponent, te kies.

Hierdie is ’n hoogs gespesialiseerde opsie en behoort slegs deur kandidate voltooi te word wat oor ’n tydperk besondere vaardigheid in dokumentering en navorsing getoon het.

**OPSIE A: PRAKTIESE WERK VAN ’N KANDIDAAT SE EIE KEUSE**


**TEMA: VERSTRIKKING**

Vertolk die tema op ? persoonlike en oorspronklike manier. Vermy ooglopende, stereotipiese en oppervlakkige reaksies.

Maak seker dat jy uitgebreide visuele bronne raadpleeg en onderneem jou eie oorspronklike navorsing voordat jy aan jou werkboek begin werk.

**OPSIE A: PRAKTIESE WERK VAN 'N KANDIDAAT SE EIE KEUSE**

**TEMA: VERSTRIKKING**



**OPSIE B: KUNSDOKUMENTERING EN -NAVORSING**

Kandidate wat hierdie opsie kies, moet **nie** die finale Teken-eksamen aflê nie.

ALGEMENE INSTRUKSIES:

Gebruik ? plat A4-ringlêer, of ? soortgelyke lêer, om die navorsingsprojek in te bind. Kaslêers (Box files) mag **nie** gebruik word nie.

**Geen** bandopnames of videobande mag ingehandig word nie.

Indien moontlik, moet alle navorsing getik, uitgelê of rekenaargedruk wees. As die navorsing handgeskrewe is, moet die skrif leesbaar wees.

Lengte van die navorsingsprojek: ? minimum van TIEN getikte bladsye en ? maksimum van VYFTIEN bladsye.

LW: Hierdie voorgeskrewe lengte sluit **nie** enige BYLAES in nie.

UITLEG

Buiteblad:

**HEG BYLAE A AAN HIERDIE BUITEBLAD.**

Inhoudsopgawe-bladsy:

**INHOUDSOPGAWE**

Kandidate moet die spesifieke opskrifte wat in die eksamenvraestel voorsien word, gebruik of hulle eie opskrifte skep. Hierdie opskrifte moet egter met die spesifieke bladsynommers in die teks ooreenstem.

**BYLAES:**


**BYLAE 1** – Moet alle alfabetiese gerangskikte bronne met opskrifte wat in die navorsing gebruik is, insluit.

**BYLAE 2** – Moet alle gemerkte beeldmateriaal insluit.

**INDIEN VAN NAVORSINGSPROJEK**

Navorsingslêers moet APART van die werkboeke verpak word. Hierdie pak moet duidelik gemerk word met ? etiket waarop die woorde **Navorsingsprojekte** en die betrokke sentrumnommer verskyn en moet op dieselfde tyd as die werkboeke ingelewer word.

**TEMA: VERSTRIKKING**



**LET WEL: RAADPLEEG JOU HANDLEIDING VIR OPVOEDERS EN KANDIDATE – KUNS OOP EKSAMEN VIR BESONDERHEDE OOR DIE VERSKILLENDE DISSIPLINES.**

## 5.2 OPSIE B: INTERPRETASIES

Gebruik die tema en ondersoek die verstrikking in Suid-Afrikaanse Kuns. Ondersoek die werk van drie Suid-Afrikaanse kunstenaars uit verskillende genres na 1980. Die tema kan uiteenlopend geïnterpreteer word, byvoorbeeld:

- Die kunstenaars se persoonlike verstrikking in hul eie temas of medium.
- Die kunstenaars se vewardheid oor wat van hulle werk verwag word.
- Suid-Afrikaanse kunstenaars se verstrikking in politiek wat hul weerhou van werklik estetiese kunswerke.
- En enige ander vertolking.

Jy moet eerstens jou persoonlike interpretasie verduidelik en dan die res van jou navorsing / motivering daarop baseer.

**ADDENDUM A / BYLAE A**

This Addendum must be cut out and pasted on the cover of the WORKBOOK or RESEARCH PROJECT.

*Hierdie Bylae moet uitgeknip en op die omslag van die WERKBOEK of NAVORSINGSOPDRAG geplak word.*

A copy of Addendum A must also be attached to the back of the Drawing Examination.
*'n Kopie van Bylae A moet ook aan die agterkant van die Teken-eksamen geheg word.*

**2005 OPEN EXAMINATION / *OOP EKSAMEN 2005***

- FILL IN ONE OF THESE CHOICES IN BLOCK LETTERS IN THE BLOCK BELOW:
- *VUL EEN VAN DIE VOLGENDE KEUSES IN BLOKLETTERS IN DIE ONDERSTAANDE RUIMTE IN:*

Painting, Graphic Art (Printmaking), Sculpture, Photography, Ceramic Art, Textile Art, Fibre Art, Puppetry, Jewellery Design, Communication / Information Design, Mosaic and Stained Glass Art, Art Documentation and Research.

*Skilderkuns, Grafiese Drukwerk, Beeldhoukuns, Fotografie, Keramiekkuns, Tekstielkuns, Veselkuns, Poppespel, Juweliersware, Kommunikasie- / Inligtingsontwerp, Mosaïek- en Gebrandskilderde Glaskuns, Kunsdokumentering en -navorsing.*

PLEASE COMPLETE THE ADDENDUM / *VUL ASSEBLIEF OOK DIE RES VAN DIE BYLAE IN.*

**ENCIRCLE THE GRADE / *OMKRING DIE GRAAD***

| HG | SG |
|---|---|

**CANDIDATE'S NUMBER / *KANDIDAAT SE NOMMER***

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**ADDENDUM B / *BYLAE B***

**OPEN EXAMINATION / *OOP EKSAMEN*** **ART 2005/ *KUNS 2005***

SCHOOL
*SKOOL:* ______________________________

ADDRESS
*ADRES:* ______________________________

FAX NUMBER: ____________________ TELEPHONE NUMBER: ______________
*FAKSNOMMER:* *TELEFOONNOMMER:*

Please note that the following work(s) must be evaluated at the school:
*Neem asseblief kennis dat die volgende werk(e) by die skool geëvalueer moet word:*

| **TYPE OF WORK**<br>***AARD VAN WERK*** | **THE REASON(S) WHY WORK(S) CANNOT BE SUBMITTED FOR MARKING**<br>***REDE(S) WAAROM DIE WERK(E) NIE NA DIE NASIEN-SENTRUM GESTUUR KAN WORD NIE*** |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

PRINCIPAL'S SIGNATURE:
*HANDTEKENING VAN HOOF:* ______________________________

PLEASE NOTE: THREE-DIMENSIONAL WORKS WILL BE MARKED AT THE SCHOOL (OR AT A CENTRAL MARKING POINT)

*LET WEL: DRIEDIMENSIONELE WERKE SAL BY SKOLE (OF OP 'N SENTRALE PUNT) NAGESIEN WORD*

THESE WORKS AND THE WORKBOOKS THAT ACCOMPANY THEM, MUST BE RETAINED IN A SAFE PLACE AT THE SCHOOL FOR MARKING PURPOSES.

*HIERDIE WERKE EN DIE WERKBOEKE WAT DIT VERGESEL, MOET BY DIE SKOOL IN VEILIGE BEWARING GEHOU WORD VIR NASIENDOELEINDES.*

EDUCATORS WILL BE NOTIFIED AS TO WHEN EVALUATION WILL TAKE PLACE.
*OPVOEDERS SAL IN KENNIS GESTEL WORD WANNEER EVALUERING SAL PLAASVIND.*

ADDENDUM B MUST BE SENT TO / *BYLAE B MOET GESTUUR WORD AAN:*

Mr H Pizer
Fax: (012) 348-8617

Postal Address:
P O Box 35073
MENLO PARK
0102

*Mnr. H. Pizer*
*Faks: (012) 348-8617*

*Posadres:*
*Posbus 35073*
*MENLOPARK*
*0102*

Please do **not submit** Addendum B to any person or office other than the above-mentioned.
*Moet asseblief* ***nie*** *Bylae B aan enige persoon of kantoor stuur, behalwe aan die bogenoemde* ***nie****.*

**BYLAE C(1)**

**TEKEN-EKSAMEN**

KANDIDATE WAT OPSIE A VAN DIE EKSAMEN GEKIES HET, MOET OOK DIE TEKEN-EKSAMEN (TWEEDE VRAESTEL) AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR VOLTOOI.

BRONNEMATERIAAL

Die kandidaat behoort met die ander kandidate saam te werk by die versameling van bronnemateriaal vir die finale Teken-eksamen aan die einde van die jaar.

Die bronnemateriaal word beperk tot voorwerpe wat in die eksamenlokaal ingebring kan word, en/of 'n geklede model(le), OF die tekening kan gebaseer word op die tema van die oop eksamen.

Die voorwerpe/model(le) moet so uitgestal word dat dit vir alle kandidate duidelik sigbaar is.

'n Wye verskeidenheid visueel-stimulerende voorwerpe, en voorwerpe wat wissel in grootte, fatsoen, tekstuur en vorm moet uitgestal word.

Die voorwerpe moet voor die kandidate geplaas word. Dit moet gedoen word voordat die eksamen 'n aanvang neem.

Kandidate mag nie papier met 'n growwe tekstuur gebruik nie en tekeninge moet van A2-grootte wees. Enige monochromatiese media mag gebruik word.

LW: 'n Gedetailleerde eksamenvraestel vir die Teken-eksamen (Tweede vraestel) sal op die dag van die eksamen uitgedeel word. Verdere instruksies sal by die vraestel ingesluit wees.

Hierdie eksamentekening moet binne die omslag van die werkboek geplaas word.

ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE MAG 'N KANDIDAAT DIE VOLGENDE IN DIE EKSAMENLOKAAL INBRING OF GEBRUIK IN DIE FINALE TEKEN-EKSAMEN NIE:

Collage, papiér collé, koerante, tydskrifte, foto's, fotostate of enige ander gedrukte materiaal nie.

Die finale praktiese Teken-eksamen mag nie 'n collage wees nie.

## ADDENDUM C (2)
## ART OPEN / KUNS OOP HG / SG

| Candidate's number *Kandidaat se nommer* | | Number of workbooks handed in *Getal werkboeke ingehandig* | | Number of art works handed in *Getal kunswerke ingehandig* | | Candidate's signature *Handtekening van kandidaat* | Date handed in *Datum ingehandig* | Received by Exam official at District Office *Ontvang deur Eks. Beampte by Distrikskantoor* | Received by marking centre *Ontvang by nasiensentrum* | Received at D.O. from marking centre *Ontvang by D.K. vanaf nasiensentrum* | Collected by school *Ontvang deur skool* | Date *Datum* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 805- | Ex/Eks.w* | | Ex/Eks.w* | | | | | | | | |
| 1 | | | | | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | |
| 19 | | | | | | | | | | | | |
| 20 | | | | | | | | | | | | |

**Please note**: It is COMPULSORY to use this control sheet. After completion, please fax this form to Helene de Clercq at (011) 484 3233 not later than the end of **November 2005**.

***Let Wel***: *Dit is VERPLIGTEND dat u hierdie kontrolevorm gebruik. Faks asseblief hierdie vorm aan Me. Helene de Clercq by (011) 484 3233 nadat u dit ingevul het voor die einde van **November 2005**.*

* Ex/*Eks.w* – Exam work / *Eksamenwerk*

**DISTRICT / *DISTRIK*: D** ☐

**P.T.O. / *b.o.***

**SUBMISSION PROCEDURES**:

All schools must ensure that the art educator adheres to the following guidelines with regard to the handing in of Art Open practical work/s:

- Exam centres will not receive marksheets for practicals. CASS mark sheets will, however, be distributed to each centre.
- The duly completed CASS marksheet together with all the related practical pieces of work (Workbooks, Final Artworks) must be handed in to the school's Senior Certificate Exam officer by no later than **16 September 2005**.
- Attendance registers will also be sent to schools. Registers, duly completed, must be submitted with the completed CASS marksheet taped to the top workbook (portfolio) when submitting these to the districts.
- The completed CASS marksheet must be removable. If candidates present an alternative form where a drawing portfolio is not submitted, e.g. in the case of pottery, such must be clearly indicated on the attendance register as well as on the submission of work register.

**INHANDIGINGSPROSEDURES**:

Alle skole moet seker maak dat die kunsopvoeder die volgende riglyne vir die inhandiging van Kuns Oop-eksamen praktiese werk(e) nakom:

- Eksamensentrums sal nie puntestate vir praktiese werke ontvang nie. CASS-puntestate sal egter na elke sentrum toe gestuur word.
- Die volledig ingevulde CASS-puntestaat, tesame met al die praktiese werkstukke (Werkboeke, Finale Kunswerke) moet by die skool se Seniorsertifikaat-beampte ingehandig word nie later nie as **16 September 2005**.
- Bywoningsregisters sal ook na skole toe gestuur word. Volledig ingevulde registers moet saam met die ingevulde CASS-puntestaat aan die boonste werkboek (portefeulje) vasgemaak en by die distrikte ingehandig word.
- Die voltooide CASS-puntestaat moet verwyderbaar wees. Indien 'n kandidaat 'n alternatiewe Kunsvorm, waar daar nie 'n tekenportefeulje voorgelê word nie, inlewer soos in die geval van pottebakkery, moet dit duidelik op die bywoningsregister, asook op die werkvoorlegging-register aangedui word.

**END / *EINDE***